

Die Afrika-Instituut

Deur

JOHANN STRAUSS,
(Sekretaris)

(Die groot onkunde wat by baie inwoners van die Republiek oor Afrika bestaan, is tegelyk opvallend en sorgwekkend. Ons voortbestaan vereis dringend dat die koele onverskilligheid afgeskud word en dat elke opgevoede persoon met gesag oor minstens 'n bepaalde deel van Afrika sal kan praat. Ten einde belangstelling te wek vir die nog altyd „donker” vasteland, plaas die redaksie met genoeë bygaande bekendstelling oor die „Afrika-Instituut”, sy oogmerke, werksaambede en werkmethode. Uit die aard van die saak kan verwag word dat lesers van „Historia” meer as gewone belangstelling sal hê vir wat in Afrika gebeur en om die rede nie ongeneë sal wees om die Instituut daadwerklik te ondersteun nie. — Red.)

DIE bestaan, wese en doel van die Afrika-Instituut, wat op 7 April te Pretoria gestig is, is nog nie oral ewe goed bekend nie. Om hierdie rede en ook omdat ons Instituut graag sy dienste onder die aandag van alle opvoedkundige sentra wil bring, word die geleentheid verwelkom om hiermee kortliks die Afrika-Instituut bekend te stel deur middel van „Historia”. Ons hartlike dank vir die vriendelike uitnodiging daartoe aan die redaksie van „Historia”.

Hoewel dit waar is dat die algemeen aanvaarde beskouing daarop neerkom dat geskiedenis inderwaarheid eers geskiedenis is en word nadat dit vyftig jaar oud is, en hoewel Van Schilfgaarde in „De Zin der Geschiedenis” sê dat „geskiedenis die verhaal is van gebeurtenisse uit die verlede” leef ons tans in 'n tydsgewrig waar selfs, en miskien juis *veral* die geskiedwetenskap noodwendig groot belangstelling en noue verband met resente ontwikkelings moet verkry en behou ten einde sy eie taak doeltreffend en in perspektief te kan uitvoer. Sonder die wetenskap van die Geskiedenis sou die Afrika-Instituut ongetwyfeld nie sy taak na behore kon uitvoer nie. Maar wanneer die verskillende definisies vir „Geskiedenis” nagegaan word, blyk dit dat die Geskiedwetenskap op sý beurt weer ten nouste verbonde is aan die gebeurtenisse, toestande en verhoudings van die hede — ook omdat die beoefenaars en navorsers van die geskiedenis soos trouens die beoefenaars van elke ander wetenskap, produkte van en gebonde is aan hulle eie tydsgewrig en subjektiewe lewensomstandighede en -beskouing. As deel van die samelewing moet die historikus die samelewing ook probeer verstaan — miskien juis omdat die objekte van die geskiedenis ook die objekte van die samelewing is, nl. gebeurtenisse, toestande en verhoudings. Nou is ook dít juis o.a. die dinge waarmee die Instituut hom besig hou. Op grond hiervan sowel as nog ander oorwegings wil dit voorkom asof 'n vereniging soos die

Afrika-Instituut veral vir die beoefenaars van die geskiedwetenskap, hetsy navorsers, hetsy geskiedskrywers, hetsy dosente en onderwysers van groot hulp kan wees.

„Tye en omstandighede verander” — dit word deesdae baie gehoor en wel deeglik ondervind. Dit verg geen profeet om te kan getuig dat die radikale veranderinge wat reeds plaasgevind het deur nog ander opgevolg gaan word nie. Al hierdie ontwikkelinge op verskillende gebiede wat die veranderinge teweegbring het en nog steeds teweeg bring, het veroorsaak dat ons onself midde in ’n snel-veranderende en enigins verwarrende wêreld bevind. Nou is dit verder so dat van die mees ingrypende veranderinge en ontwikkelinge van die afgelope jare en tans nog steeds, in Afrika plaasvind. Afrika het, en is steeds besig om so ’n metamorfose te ondergaan dat dit revolusionêr in stede van evolusionêr genoem kan word. Suid-Afrika vorm ’n integrale deel van hierdie steeds-veranderende kontinent. Die lotgevalle en belange van ons land is ten nouste verbonde aan die van die res van die vasteland van Afrika. Juis daarom moet ons, in ons eie belang, op hoogte wees en bly met die omstandighede en gebeure in Afrika. Hoe groter en hoe suiwerder ons kennis van sake is, des te beter sal ons in staat wees om ons eie sake te behartig, ons eie probleme op te los en om ons bydrae te doen as die mees gevorderde staat in Afrika. Uit hierdie besef, en verder uit die enigins onaangename feit dat daar tans nog in ons land ’n onrusbarende onkunde bestaan oor Afrika en alles wat daarmee saamhang, is die Afrika-Instituut gebore.

Nadat die Instituut as gevolg van ’n ooreenkoms tussen die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Universiteit van Suid-Afrika sy beslag gekry het, en nadat dit so op ’n breë nasionale grondslag en prakties onder die gesamentlike toesig van die bestaande agt Suid-Afrikaanse Universiteite geplaas is, was die Suid-Afrikaanse Regering bereid om dit finansiële te steun met ’n jaarlikse subsidie. Die Afrika-Instituut, ’n outonome liggaam geregistreer as vereniging sonder winsbejag kragtens artikel 21 van die Maatskappyyewet (nr. 46 van 1926 soos gewysig) is onder beskerming van die Staatspresident, mnr. C. R. Swart. Die Instituut staan verder onder die beheer van ’n Raad van twintig lede waaruit ’n Uitvoerende Komitee benoem is. Die direkteur (mnr. Wennie du Plessis) bygestaan deur ’n sekretaris en professionele sowel as administratiewe assistente is verantwoordelik vir die bestuur en ontwikkeling van die Instituut wat origens bestaan uit drie hoofafdelings: ’n Dokumentasie- en inligtingsafdeling wat die biblioteek, argief en ’n kartografiese onderafdeling insluit, ’n publikasie-afdeling, wat vir die opstel en verwerking van publikasies verantwoordelik is en ’n navorsingsafdeling.

Die Instituut beskik tans alreeds oor heelwat publikasies van ander institute en instansies oor Afrika, pamflette met besonderhede oor verskillende aspekte van Afrika, ander inligtingstukke sowel as ’n biblioteek van tussen vyf- en sesduisend boeke oor Afrika. Daarbenewens gee ons ’n tweeweeklikse „Bulletin” (of nuusbrieff) uit om sodoende ’n ingeligte openbare mening te probeer vorm. Sodra omstandighede dit toelaat sal meer samevattende verslae oor belangrike

ontwikkelingstendense in Afrika gepubliseer word in 'n tydskrif en/of mededeling.

Die Instituut maak ook gebruik van „aanskouings-onderwys” deur middel van kaarte en prente wat die verskillende aspekte van die lewe in Afrika illustreer. 'n Goeie voorbeeld van watter tipe navrae ons alreeds bereik het, was onlangs afkomstig van 'n laerskoolkind wat wou weet wie die verskillende Eerste Ministers en/of Presidente is van al die onafhanklike Afrika-state. Ons kan dus ook vir die skoolgaande jeug van waarde wees — en hulle sodoende voorsien van inligting waaroor hulle ouers en onderwysers dikwels nie altyd beskik nie. In hierdie verband kan genoem word dat ons ook al van heelwat skole en hoër opvoedkundige sentra navrae gekry het wat o.a. gereeld ons Bulletins vir hulle biblioteke wil ontvang.

Ten einde die publiek in staat te stel om ons Bulletin te bekom, en terselfdertyd om die Afrika-Instituut in staat te stel om sy werksaamhede deur die verkryging van meer fondse uit te brei, is voorsiening gemaak vir persone om lede te word en liggame of organisasies om geaffilieerde lede te word van die Instituut.

Die Afrika-Instituut staan tans alreeds op 'n hegte fondament — die omvang, waarde en grootheid van sy diens sal egter grootliks afhang van die mate van samewerking en steun wat hy van die publiek ontvang. Terselfdertyd kan veral die historikus en die volkekundige veel baat vind uit ons biblioteek, studie en werksaamhede. Ons is tot u diens, waar enigsins moontlik.

Navrae kan gerig word aan: Die Sekretaris, Afrika-Instituut, Posbus 630, Pretoria — wat alle nodige besonderhede sal verskaf insake lidmaatskap, ens.

Die Beginjare van die Hermannsburgse Sendinggenootskap in Wes-Transvaal

deur

H. E. A. GREVE

DIE geskiedenis van die Hermannsburgse Sendinggenootskap in Suid-Afrika begin in Natal in 1855. Toe hulle daar nog nie heeltemal gevestig was nie het hulle in 1857 'n nuwe gebied bygekry, nl. die Westelike Transvaal. M. W. Pretorius het in daardie jaar aan die Hermannsburgse Sendinggenootskap wat sy hoofkwartier in Hermannsburg in Natal gehad het, geskryf dat die inboorlinghoof, Sechele, hom versoek het om Duitse sendelinge na hom te stuur. Hierdie sendelinge moes sy mense onderrig. So gretig was Sechele gewees dat hy selfs voor hulle aankoms al begin het om 'n kerk te bou. Ook sou hy sy mense verplig om elke Sondag kerk toe te gaan. Die rede hoekom Sechele Duitse sendelinge wou hê was dat hy veel las met die sendelinge van die

Londense Sendingsgenootskap gehad het, en veral met dr. Livingstone. Dit is bekend dat Livingstone die naturelle van vuurwapens voorsien het. Die gevolg was dat Livingstone deur 'n aantal Boere met geweld verdryf is. Pretorius het dus die versoek van Sechele gesteun en wel om dieselfde rede as Sechele, n.l. omdat ook hy al genoeg moeilikhede met die Britse sendelinge gehad het.

Die Hermannsburgse Sendingsgenootskap het dan ook dadelik drie sendelinge gestuur — Schröder, Müller en Herbst. Die reis vanaf Hermannsburg het 'n bietjie meer as 4 weke geduur. Op 8 Julie 1857 het hulle die Marikorivier bereik, waar hulle baie vriendelik deur veldkornet Viljoen verwelkom is. Hulle het daar 'n paar dae gerus, veral omdat hulle osse baie uitgeput was. Op 16 Julie het hulle dan hulle bestemming bereik, d.w.s. die hoofstat van Sechele — Liteyane. Hier is hulle hartlik deur die opperhoof verwelkom.

Kort na hulle aankoms het Moffat 'n hoflikheidsbesoek by die nuwe sendelinge afgelê. Volgens Schröder was Moffat vriendelik veral omdat hy so veel weerstand van die kant van die Boere ondervind het. Hy het hulle 'n bietjie ingelig oor die probleme wat hy daar ondervind het, en het Schröder ook van 'n paar Tswana-woordeboeke en -Bybels voorsien.

Spoedig het Sechele met 'n versoek gekom wat die nuwe sendelinge nie aangestaan het nie. Hy wou hê dat hulle hom van kruit moes voorsien. Schröder het aan hom verduidelik dat hy self geen kruit besit nie en buitendien het hulle gekom om sy mense te bekeer en nie om hulle van ammunisie te voorsien nie. Sechele het dan ook mettertyd hierby berus en hy het die sendelinge nog met dieselfde vriendelikheid behandel.

Schröder, Müller en Herbst het spoedig besef dat hulle die sendingwerk nie alleen sou kon behartig nie, sodat hulle om versterking gevra het. Gedurende die eerste helfte van 1858 is daar aan hierdie versoek gehoor gegee en is die sendelinge Backeberg, Schulenburg en Zimmermann asook twee koloniste, Meyer en Beneke, soontoe gestuur.

Nadat die ses sendelinge 'n redelike begrip van die Tswanataal gehad het, is Zimmermann, Schulenburg en Meyer in Januarie 1859 na Linokana (naby Zeerust) gestuur om 'n nuwe sendingstasie onder die inboorlinghoof Moiloa se mense te begin.

Sechele het teen die middel van 1859 weer moeilikhede gehad en hy was verplig om oorlog te voer teen Matching, die seun van Bamangwato. Sechele wat wou bewys dat hy 'n ware Christen is, het sy leër gemaan om op die Here te vertrou en om onder geen omstandighede op Sondae te veg nie, geen onskuldige persone om die lewe te bring nie en Matching nogeens probeer oorhaal om tot 'n ooreenkoms te geraak. Uiteindelik is Matching, wat nie vrede wou maak nie, doodgeskiet en daar was weer vrede. Die Boere was in hulle skik oor die wyse waarop hy sy mense regeer het en toe hulle gesien het dat hy in vrede wou leef het hulle aan sy versoek van 1857 voldoen en hom van 200 pond kruit en 400 pond lood voorsien. Ook is die gewere wat gekonfiskeer was weer aan hom teruggegee. Verder het die Volksraad belowe dat Sechele elke jaar 'n sekere hoeveelheid ammunisie sou ontvang.

'n Paar jaar lank het die sendingwerk onder die Batswana goed gevlot, totdat superintendent Hardeland daarheen gestuur is om inspeksiewerk te doen. Hy was nie 'n baie taktvolle man gewees nie. 'n Paar sendelinge, o.a. Schulenburg het begin om stukkies landerye te bewerk en hierteen was Hardeland gekant. Die gevolg was dat Schulenburg en Backeberg besluit het om weer terug te gaan Natal toe. Hieroor was Sechele baie ontevrede en om wraak te neem het hy die Londense sendelinge teruggeroep wat gretig was om te kom. Hardeland het nie hiervan gehou nie en is dadelik Pretoria toe waar hy hierdie aangeleentheid met president Janse van Rensburg, staatsekretaris Visagie, staatsprokureur Krogh en kommandant-generaal Snyman bespreek het. Hierdie mense het almal te kenne gegee dat Sechele geen reg het om sy sendelinge self te kies nie en hulle was veral verontrus oor die feit dat die Londense sendelinge teruggeroep is. Hy mog slegs dié sendelinge beroep waaraan die Republiek sy goedkeuring geheg het. Buitendien het die Boere-republiek onaangename ondervindinge van die Londense sendelinge gehad. Dit was egter moeilik om op hierdie stadium enige stappe teen Sechele te doen, aangesien hy in 'n oorlog met Sekhomo gewikkel was. Hardeland was nogtans gretig om samesprekings met Sechele te hou en daarvoor wou hy vergesel wees van 'n regeringsamptenaar. Uiteindelik het Hardeland maar alleen gegaan.

Die uitslag van die samesprekings met Sechele was redelik bevredigend en kort daarna het nog vier sendelinge vanaf Natal gekom — Behrens, Jensen, Kaiser en Lohann. Behrens het weer met sendingwerk by Sechele en sy mense begin, maar na 'n kort rukkie was daar weer moeilikheid. Sechele het Behrens meegedeel dat die volk (stam) besluit het dat hy (Behrens) die stat moes verlaat, omdat die Duitse sendelinge hulle slegs besig hou met godsdiens en geen onderwysfasiliteite bied nie. Behrens het hom verduidelik dat sy sendinggenootskap sy mense geleer het om te lees en te skryf, maar dat hulle nie verder as dit kan gaan nie, omdat dié aangeleentheid maklik na politiek kan uitbrei. Hierdie verklaring het egter niks gehelp nie, en Behrens was verplig om die stat Liteyane saam met sy siek vrou te verlaat.

Later is daar vasgestel dat die rede wat Sechele aangegee het vir die ontslag van Behrens niks met die onderwyskwessie te doen gehad het nie. Die werklike rede was dat die sendelinge deur die Boererepubliek gestuur is en met die Boere het Sechele en sy mense op dié tydstip nie goed oor die weg gekom nie. Sechele het dan ook Behrens gevra om nie die werklike rede van sy ontslag aan die Boere mee te deel nie. Hy moes sê dat dit as gevolg van die onderwyskwessie is.

Dit was die eerste paar moeilike jare vir die Hermannsburgse Sendinggenootskap onder die Batswana. Van toe af het dit baie beter gegaan en is 'n hele aantal nuwe sendingstasies gestig en het die getal inboorlinge wat hulle laat doop het, jaarliks baie toegeneem.